

Maandag 29 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 19:28-42; Romeine 6:1-11	Fokusgedeelte: Johannes 19:42a; Romeine 6:4a (1983-vertaling)
---	--

Jesus se begrafnis was uit genade ook my begrafnis!

Niemand weet wat môre gaan gebeur nie. Jy weet ook nie wat vir jou in hierdie week wat voorlê, wag nie, maar een ding is seker: Daar kom 'n dag waarop hulle jou moet begrawe. Die troos is dat jy as gelowige al reeds eenmaal begrawe is: met Christus. Jou begrafnis lê agter. Dis verlede tyd. Dit maak jou tweede begrafnis minder verskriklik. Jou graf is nie die einde van jou lewe nie, maar 'n poort na die ewige heerlikheid. Dis egter nie al nie. Ons begrafnis met Christus gee ook nuwe perspektief aan ons lewe van elke dag. Ons kan daardeur in 'n nuwe lewe wandel.

In Romeine 6:4a sê Paulus: Ons is saam met Christus begrawe deur die doop in die dood. Toe Jesus in die tuin van Josef van Arimatea in die graf neergelê is, is ons daar saam met Hom neergelê. Ons is saam met Hom begrawe. Wat beteken dit in die lewe van elke dag? Drie dinge, en dan drie dinge met betrekking tot die verlede, die hede en die toekoms.

Verlede: As ek uit genade in Jesus Christus glo, dan weet ek: Ek is al 'n keer begrawe – met Christus. Saam met Hom in die graf. Daar lê my ou mens. Ek het die sonde afgesterf. God sal dit my nie meer toereken nie. Ek is vrygespreek!

Maar dit het ook betekenis vir die hede. Die graf van Jesus wat ook my graf geword het, sê vir my: Jesus het die mag van die sonde gebreek. Deur die geloofsgemeenskap met Jesus Christus ontvang ek die krag om teen die sonde wat nog in my woon, te stry en te oorwin, om in 'n nuwe lewe te wandel.

Ten slotte kyk ons ook na die toekoms. Wat 'n troos. Ek is reeds in die graf – saam met Christus. Nou is die graf wat vir my wag, nie meer so verskriklik nie.

My graf, al lyk hy diep en donker, is geheilig deur die werk van Christus. Die graf is nou 'n poort, 'n deurgang na die ewige lewe.

Nie 'n hopelose einde nie, maar EINDELOSE HOOP!!

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6

Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)